BYBEL-MEDIA

Jou 2017-Bedieningsvennoot

Nuusbrief 14/2017

September-uitgawe van LiG:

In LiG se September-uitgawe vertel Simoné Nortmann van die roeping wat God vir haar gekies het.

Kom vind uit hoe God jóú klein gebare gebruik om die wêreld te verander. En hoe ‘n ware visser van mense leef.

LiG kuier by ‘n predikant wat hoop bring in ‘n huis vir haweloses. Ons gee raad om die verlies van jou troeteldier te verwerk.

En hoe om dit te hanteer as jy broeis is, maar jou maat nie.

Wonder jy oor kinders in jul kooi? Dan het LiG goeie antwoorde.

Of het jou kind leerprobleme? Kundiges sê dit kan dalk weens swak ogies wees.

LiG - ‘n tydskrif met Christelike inhoud wat die hele gesin sal verryk en inspireer. Die September-uitgawe is nou te koop in boekwinkels en supermarkte.

Bybel-Media Handel: Gemeente-hulpmiddels

Doopkerse
Baie gemeentes gee bv ‘n Bybel en doopkers vir die ouers wanneer hulle kind gedoop word. Die doopkers word elke jaar op die kind se doopdatum as herinnering en viering van die doop aangesteek. Die geskikte doopkerse is nou beskikbaar.

Pakket: 10 kerse netjies verpak - individueel toegedraai. Die 10 bandjies is deel van die pakket. Die bandjies word deur die skriba voltooi en op die kerse geplak.
Prys: **R375.00** (BTW en posgeld ingesluit). Bestel sommer dadelik.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Groete vanuit Wellington.

Hans Steyn
Bybel-Media
E-pos: hans@bmedia.co.za
Tel: 021 864 8223